

Maandag 8 November

Skrifgedeelte: Jesaja 11:11 –
12:6

Fokusgedeelte: Jesaja 12:1-6

Die Messias bring verlossingsvreugde

Die teks is 'n danklied. Die volk dank die Here vir harmonie en vrede op aarde. Daar sal reg geskied en hulle sal buig voor die Here. Die lied roep uit: "U was kwaad ... maar nou nie meer nie." Hier word die vorige hoofstukke se oordeels- en heilsprofesieë opgesom. Dié genade moet aan al die volke uitbasuin word. God wil hê dat sy volk hulle bestaansdoel moet nakom. Hulle doel is: Bring sy lof aan alle mense. Hulle moet roep: "Groot is die Heilige van Israel ... en Hy is by julle."

Israel het in navolging van die afgodediens jammerlik in hulle lewensdoel misluk. Hulle hoor van Immanuel (Jes. 7) – Hy sal Verlos (Jes. 9:4-7). Die Messias kom en deur die ander Trooster, die Heilige Gees, kom 'n nuwe bedeling. Die Nuwe-Testamentiese skrywers het sonder uitsondering die vervulling van hierdie profesie in Jesus Christus gevind (Joh. 1:32; Rom. 15:7-13). Vir ons is 'n Seun gebore. Die Here het deur Hom wonderbare verlossing gebring en aan ons gegee.

Verdwyn ons probleme? Nee. Aardverwarming, misdaad, werkloosheid en armoede sal met ons bly. Die kloof tussen ryk en arm sal bly bestaan en nog groter word. Ons trotseer elke dag die aanvalle van goddelose magte en vyande. Satan loop rond soos 'n brullende leeu en soek 'n maklike prooi.

Ons dank die troue Verbondsgod wat in liefde na ons afgebuig het en dat Hy ons die Lewenswater gegee het. Strome lewende water kom na ons deur 'n oop graf en 'n oop hemel, want ons het reeds die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Ons kan te midde van 'n verdwaalde mensdom bly vashou aan ons ewige hoop en lewensanker, Jesus Christus. Ons kan die Here met vreugde loof en prys dat sy beloftes vasstaan. Hy is al die dae van ons lewe met ons en hierdie boodskap moet na die volke. Ons kan alleen onder die leiding van die Gees roep: Die Messias bring verlossing en nuwe vreugde.

Sing: Psalm 89-1:6

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)